

**16 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 11:1-25**

**Fokusgedeelte: Daniël 11:1-4, 21**

**Die toekoms (1)**

Daniël het vir drie weke (10:3) in gebed met God geworstel oor die toekoms van sy volk. Hoofstuk 11 en 12 is God se uitgebreide antwoord. Die meeste aandag word gewy aan 'n veragtelike heerser (11:21) wat die Ou-Testamentiese voorloper was van die Antichris. Die profesie is nie om nuuskierigheid te bevredig nie, maar om 'n mens te bring tot verootmoediging en uiteindelik tot blye afwagting op die wederkoms van Christus.

Daniël 11 vertel van baie veldslae en onverwagte wendings en verrassings in die wêreldgeskiedenis. Dit gaan veral oor die magtige Persiese Ryk (beer) en die blitsige Griekse Ryk (luiperd) wat na 'n kort tydjie in vier dele verdeel waarvan die Noorde (Sirië) en die Suide (Egipte) die belangrikste spelers is.

Die veragtelike persoon (vers 21) is moontlik Antiogus Epifanes van Sirië. Sy optrede is vol van uiterste onvoorspelbaarheid en oneerlikheid en lis. Antiogus het hom veral toegespits op Egipte in die suide en het in dié stryd al meer begin fokus op die volk van die Here. Vir God se volk het dit uitgeloop op 'n uiterste beproewing. Die eerste boodskap uit hierdie hoofstuk is dat God in beheer is van die geskiedenis en dat jy nie op die “prinse van die wêreld” moet vertrou nie. Ons moet ook nie sommer deur enige gebeurtenis op sleeptou geneem word nie (vers 19). Mag God ons lewensnugterheid gee!

*Sing: Psalm 146:2,3*

*Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*